# GARSVALLEI KENTEKENDAG

# VRYDAG 29 TOT SATERDAG 30 JULIE 2022

Garsvallei Kommando nooi u hartlik uit na ons jaarlikse Kentekendag. Ons spesialisasies word binne veilige omgewings en op verskillende terreine aangebied sodat die jeuglid die meeste waarde en ervaring kan ontvang. Kom beleef die dag saam met ons en bou herinneringe vir jou persoonlike **Voortrekkerloopbaanplakboek**.

## SPESIALISASIES:

| Wanneer | Gr | Spesialisasie | Kostes | Waar | Registrasie |
|---|---|---|---|---|---|
| Saterdag | 1 | Padveiligheid (A) | R150 – kind<br>R 85 – volw | Wapadrant Gemeente;<br>Plot 3, Sunrise road,<br>Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48'10'' O 28°19'34'' | Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 14:00)** |
| Saterdag | 2 | Dierewaarneming (A) | R150 – kind<br>R 85– volw | Wapadrant Gemeente;<br>Plot 3, Sunrise road,<br>Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48'10'' O 28°19'34'' | Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 14:00)** |
| Saterdag | 3 | Fietsry (A) | R150 – kind<br>R 85 – volw | Wapadrant Gemeente;<br>Plot 3, Sunrise road,<br>Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48'10'' O 28°19'34 | Saterdag<br>07:15-07:45<br>**Kinders afhaal om 15:00)** |
| Saterdag | 4 | Groot Trek (B) | R180 – kind<br>R150 – volw<br>Sluit toer van Monument in | Voortrekkersaal by Voortrekkermonument se piekniekterrein | Saterdag<br>07:00-7:30<br>**(Kinders afhaal om 15:30)** |
| Vrydag en Saterdag<br>**(oornag tuis by eie huis)** | 5 | Handvaardighede (B)<br>**Beperk tot 40 inskrywings en 8 volwassenes** | R225 – kind<br>R195 – volw | Wapadrant Gemeente;<br>Plot 3, Sunrise road,<br>Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48'10'' O 28°19'34'' | Vrydag<br>17:30-18:15<br>**(verdaag Vrydag 21:00)**<br>Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 16:00)** |
| Vrydag en Saterdag<br>**(oornag tuis by eie huis)** | 6 | Kampkook (B) | R185 – kind<br>R145 – volw | Wapadrant Gemeente;<br>Plot 3, Sunrise road,<br>Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48'10'' O 28°19'34'' | Vrydag<br>17:30-18:15 **(verdaag Vrydag 21:00)**<br>Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 16:00)** |

| Wanneer | Gr | Spesialisasie | Beskrywing | Kostes | Waar | Registrasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Saterdag | 7 | Voorslag Inskerping | Dit is die laaste geleentheid wat jy het voor die Voorslag Toetskamp om jouself voor te berei – moet dit nie misloop nie! | R170 – kind<br>R 85 – volw | Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48’10’’ O 28°19’34’’ | Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 16:00)** |
| Saterdag | 8 - 12 | Selfverdediging<br>**Beperk tot 25 inskrywings** | Hierdie is een van die Burgerskap spesialisasies wat jou sal toerus om jouself in gevaarlike situasies toepaslik te verdedig. | R170 – kind<br>R 85 – volw | Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48’10’’ O 28°19’34’’ | Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 16:00)** |
| Vrydag en Saterdag<br>**(oornag tuis by eie huis)** | 8 - 12 | Manne en Vroue uit die Bybel<br>**Minimum 8 inskrywings (maksimum 20 – volwassenes ingesluit)** | Hierdie spesialisasie val binne die Christenskap kategorie. Die Verkenner sal kennis maak met manne en/of vroue uit die Bybel wat vir ons as geloofshelde kan dien. | R225 – kind<br>R180 – volw | Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48’10’’ O 28°19’34’’ | Vrydag<br>17:30-18:15<br>**(verdaag Vrydag 21:00)**<br>Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 16:00)** |
| Vrydag en Saterdag<br>**(oornag tuis by eie huis)** | 8 - 12 | Leierskap-vaardighede<br>**Minimum 8 inskrywings** | Hierdie spesialisasie val binne die Leierskap kategorie. Die Verkenner word voorsien van leierskapvaardighede en -gereedskap om effektief ‘n leierskapposisie te kan vul. | R170 – kind<br>R 85 – volw | Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria<br>GPS Koördinate:<br>S 25°48’10’’ O 28°19’34’’ | Vrydag<br>17:30-18:15<br>**(verdaag Vrydag 21:00)**<br>Saterdag<br>07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 15:00)** |

| Wanneer | Gr | Spesialisasie | Beskrywing | Kostes | Waar | Registrasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Saterdag | 8 - 12 | Paraatheid<br>**Minimum 12 inskrywings (maksimum 20 – volwassenes ingesluit)** | By hierdie kursus sal die Verkenner opgelei word om in 'n noodsituasie paraat te wees. | R170 – kind<br>R 85 – volw | Wapadrant Gemeente; Plot 3, Sunrise road, Olympus, Pretoria GPS Koördinate: S 25°48'10'' O 28°19'34'' | Saterdag: 07:15-07:45<br>**(Kinders afhaal om 16:00)** |

**KOSTES:** Inskrywingsfooi sluit die sertifikaat, kenteken, asook ligte middagete en koeldrank in.

**Geen oorslaap. Almal slaap tuis oor.**

Die Handvaardigheid, Kampkook, Leierskapvaardighede asook Manne-en-Vroue uit die Bybel spesialisasies sluit aandete vir Vrydagaand en middagete vir Saterdag in. Al die ander spesialisasies ontvang slegs middagete Saterdag.

**R55.00 LAAT INSKRYWINGSFOOI per inskrywing sal gehef word na die sluitingsdatum**

**SNOEPIE:** **Groot Trek: Geen snoepie beskikbaar nie, maar daar is 'n winkel op die terrein.**

**Alle ander spesialisasies**: Bring AL jul sakgeld saam vir snoepie.

**MEELOPERS (KURSUS HULP-OFFISIERE):** Elke kommando voorsien asseblief vir Spesialisasies een volwassene vir elke **8** jeuglede of een per span, wat saam met die groep beweeg wat aan hulle toegeken word (waar moontlik offisiere by eie spanne).

Volwassenes word versoek om asseblief te help met die handhawing van dissipline van u groep tydens die Kentekendag.

Alle offisiere/meelopers bring asb eie opvou/kampstoel saam vir jouself!

**KLEREDRAG:** Aktiewe Voortrekkerdag met gepaste Voortrekker warmdrag en/of spandrag.

# SLUITINGSDATUM: 20 JULIE 2022

**INSKRYWINGS:** **Alle inskrywings word SLEGS DEUR DIE AKL-ADMIN VAN ELKE KOMMANDO gedoen via 'n Excel spreivel wat aangestuur word vir elke spesialisasie.**

Skryf vroegtydig in, veral waar getalle beperkings van toepassing is.

**Waar daar 'n minimum getalbeperking is, sal bevestig word indien die minimum getal inskrywings ontvang is en die kenteken voortgaan.**

**Inskrywings is slegs geldig indien 'n betalingsbewys vanaf die betrokke kommando ontvang is. Waar daar 'n minimum getalbeperking is, moet betaling eers geskied sodra daar bevestig is die spesialisasie voort gaan.**

| | | |
|---|---|---|
| BETALING: | Rekeninghouer: | Garsvallei Voortrekkerkommando |
| | Bank: | ABSA, Menlyn |
| | Takkode: | 632005 |
| | Rekening: | 1015 722 033 |
| | Verwysing om te gebruik: | Jou eie kommando se naam (verkort) en spesialisasie |

Die betalingsbewys moet per kommando oorbetaal word. Stuur asseblief elektroniese bewys van betaling aan: garsvallei.finansies@gmail.com

**NAVRAE:** Vir enige verdere navrae of besonderhede skakel:

Soretha Matthee by 082 502 9218 (tussen 10:00 – 18:00)
Stuur e-pos aan sorethamatthee@gmail.com
Retha van Zyl by 083 326 3547 (slegs tussen 17:00 – 22:00)

*Alle lede van Die Voortrekkers onderneem om binne die bepalings van die grondwet, reglemente en prosedures, asook die bepalings opgeneem in Lidmaatskapbrosjure van Die Voortrekkers, op te tree.*

Garsvalleigroete

**Retha van Zyl**
GGA Sameroeper
083 326 3547 (slegs tussen 17:00 – 22:00 )

**Soretha Matthee**
GGA Administrasie
082 502 9218 (tussen 10:00 – 18:00)

# Saambringlys per spesialisasie:

<table>
<tr><th>Spesialisasie</th><th>Saambringlysie vir Spesialisasie</th></tr>
<tr><td>Padveiligheid<br>Graad 1</td><td>Masker<br>1. Gemerkte beker en bordesak<br>2. Eie inkleurpotlode / kryte (gemerk!)<br>3. Kleeflint, verkieslik in houertjie wat reeds afsny kant het<br>4. Skêr<br>5. A4 gekleurde karton (enige kleur)<br>6. A3 grootte karton – gekoop of uit kartonboks geknip –(basis vir ‘n model)<br>7. 2x boksies (soos vir hoesmedisyne) - Geverf (Enige kleur)<br>8. 2x toiletrolletjie – Geverf (Enige kleur)<br>9. 2x Karretjies (omtrent so groot soos 'n vuurhoutjieboksie)<br>10. 1 leë vuurhoutjieboksie<br><br>* Alles mooi in 'n rugsakkie gepak. Rugsakkie moet asb groot genoeg wees om warm klere ook in te sit wanneer kinders begin warm kry.<br><br>Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/ blou hempie <u>ASB</u>.</td></tr>
<tr><td>Dierewaarneming<br>Graad 2</td><td>1. Masker<br>2. Hoed en Sonbrandmiddel<br>3. Prente of sketse van 5 inheemse diere ( soogdiere of reptiele)<br>Prente of sketse van 5 inheemse voëls<br>Prente of sketse van 5 inheemse insekte of spinnekoppe<br>Prent van die nasionale dier (Springbok)<br>Prent van die nasionale vis (Galjoen)<br>Prent van die nasionale voel (Blou kraanvoël)<br>4. ‘n Foto/prent/skets van enige troeteldier – dit sal oulik wees as dit van die kind en sy/haar troeteldier is.<br>5. Eie skryfbehoeftes, pen en potlode, asook gom en skêr.<br>6. Koeldrankbekers of waterbotteltjie<br>7. Bordesak<br>8. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie <u>ASB</u>.<br><br>Alle items wat saamgebring word, moet in ‘n klein rugsakkie gepak word, wat deurgaans saamgedra kan word.<br><br>Volwassenes bring saam:<br>• Hoed en sonbrandmiddel.<br>• Opvoustoel.<br>• Koeldrankbeker of waterbottel en 'n bordesak</td></tr>
</table>

| **Spesialisasie** | **Saambringlysie vir Spesialisasie** |
|---|---|
| Fietsry<br>Graad 3 | 1.  Masker<br>2.  Bring jou eie fiets en 'n waterbottel wat jy saam met jou op die fietsrit kan neem. **Jou fiets moet padwaardig wees – let veral op die remme en bande (geen pap wiele asseblief).** Let wel indien 'n fiets nie padwaardig is nie, sal die jeuglid nie verder aan die spesialisasie kan deelneem nie en dus huistoe gestuur word.<br>3.  Bring ook 'n valhelm om mee fiets te ry.  Let wel **GEEN** fietsryer word toegelaat sonder 'n valhelm nie!  Let wel indien die jeuglid nie 'n valhelm tot beskikking het nie sal die jeuglid nie verder aan die spesialisasie kan deelneem nie en dus huistoe gestuur word.<br>4.  Sonbrandroom BAIE BELANGRIK!!!!<br>5.  Bordesak<br>6.  Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie ASB. |
| Groot Trek<br>Graad 4 | 1. Eetgerei (Bordesak)<br>2. Hoed en Sonbrandmiddel<br>3. Waterbottel<br>4. Pen<br>5. Paar prente van die Groot Trek of 'n boek oor die Groot Trek of enige artikels wat met die Groot Trek geassosieer word.<br>6. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag. Die kinders gaan tussen toeriste beweeg en moet asb die beeld van Die Voortrekkers uitdra.<br>7. Masker (noodsaaklik om in die Monument in te gaan)<br><br>**Alle items wat saamgebring word, moet in 'n klein rugsakkie gepak word, wat deurgaans saamgedra kan word.** |
| Handvaardighede<br>Graad 5 | 1. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie ASB.<br>2. Masker<br>3. Bordesak insluitend 'n koedrankbeker<br><br>**Lys van benodighede:**<br>• 2 Kleure 4-draad wol (pas by jou velletjies velt) – Charming wolwinkel / Die Werksmandjie / Metro<br>• 2 Velletjies velt van 20x20cm elk (dieselfde kleur) – Charming wolwinkel / Die Werksmandjie / Metro<br>• 2L / 1.5L leë Coke bottle<br>• Ou cd (ons gaan iets hiervan maak) |

| **Spesialisasie** | **Saambringlysie vir Spesialisasie** |
|---|---|
| Kampkook<br>Graad 6 | 1. Bordesakkie met eetgerei <u>(ook</u> van toepassing op volwassenes)<br>2. Plastiese bakkie vir oorskietkos van Saterdagmiddag.<br>3. Kampstoel<br>4. Elke groep van 6 (of minder) jeuglede van ‘n span moet die volgende artikels saambring:<br>• 1 nommer 3 ysterpotjie<br>• Gasstofie (indien moontlik)<br>• 1 plastiese skottel/houer, ongeveer 30 - 50 cm in deursnee vir aandra en opwas<br>• 1 groot skeplepel & 1 houtlepel<br>• 2 vatlappe<br>• Groentemessies & groenteskillers<br>• 2 kapplanke<br>• Braaitang of grafie om kole mee te skuif<br>• Wassponsie en vadoeke<br>• Sak hout / houtskool<br>• 1 plastieksak<br>• Masker<br>5. Alle goedere moet behoorlik gemerk wees.<br>6. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie <u>ASB</u>. |
| Voorslag Inskerping<br>Graad 7 | 1. Eie opvou/kampstoele en bordesak<br>2. Graad 6&7 graadwielboek<br>3. Notaboekie en pen<br>4. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie <u>ASB</u>.<br>5. Masker |
| Manne en Vroue uit die Bybel (Christelik)<br>Verkenners<br>(Graad 8 tot 12) | 1. Bordesakkie met eetgerei (ook van toepassing op volwassenes).<br>2. ***<u>‘n Werkstuk</u>***<br>oor EEN persoon in vereiste 3.1 (seuns) of een persoon in vereiste 3.2 (meisies)<br>3.1 Noag, Abraham, Josef, Dawid of Daniël<br>3.2 Ester, Ragab, Rut of Maria die moeder van Jesus<br>Die werkstukke moet elkeen vier rekenaargetikte A4 bladsye wees en uit die volgende bestaan: (Letter tipe Arial 12 met 1.5 lyn spasieëring)<br>**<u>Inleiding:</u>** Algehele opsomming en indrukke oor die persoon.<br>**<u>Liggaam:</u>** ’n Kort geskiedenis van die persoon se lewe. Beskryf kortliks die persoon se verhouding met die Here. Wat het hom/haar gedryf om te doen wat hy/sy gedoen het. Wat is die persoon se bydrae tot die Koninkryk van God/sy volk/sy land.<br>**<u>Slot:</u>** Verduidelik met watter kenmerke in die persoon se lewe, of eienskappe van die persoon, jy kan identifiseer.<br>3. ***Bring ‘n 1983 vertaling of NLV vertaling Bybel saam.***<br>4. Bring 'n selfoon of tablet met data en die "YOUVERSION" bible-App<br>5. Eie opvou/kampstoele<br>6. Vrydagaand: Spandrag<br>7. Saterdag: Aktiewe Voortrekkerdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie<br>8. Masker<br>9. Selfoonlaaier, konneksie en kragprop |

| Spesialisasie | Saambringlysie vir Spesialisasie |
|---|---|
| Selfverdediging Verkenners (Graad 8 tot 12) | 1. Eie opvou/kampstoele<br>2. Huidige inligting/statistieke oor SA kriminele gevalle soos verkagting, aanrandings, moord, kindermolestering, inbrake (individuele getalle, nie oorhoofs).<br>3. Definisies van fisiese en geestelike weerbaarheid, respek en selfrespek.<br>4. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie ASB.<br>5. Masker<br>6. Bordesak |
| Paraatheid Verkenners (Graad 8 tot 12) | 1. Kampstoele<br>2. Sonroom, hoed<br>3. Waterbottel<br>4. Pen en notaboek<br>5. Lys van rampe en noodsituasies met kort beskrywing van gevolge van die ramp of noodsituasie<br>6. Plaaslike name en nommers van nooddienste bv. Polisie, Brandweer en Ambulanse<br>7. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie ASB<br>8. Masker<br>9. Bordesak |
| Leierskapvaardighede Verkenners (Graad 8 tot 12) | 1. Kampstoele<br>2. Waterbottel<br>3. Pen en notaboek<br>4. Selfoon met whatsapp op<br>5. Skryfbehoeftes en kleurpenne<br>6. Aktiewe Voortrekkerdrag met gepaste donkerblou warmdrag of enige soortgelyke rooi/blou hempie ASB<br>7. Masker<br>8. Bordesak<br>9. Selfoonlaaier, konneksie en kragprop |